
# 5 Maart

**SKRIF: Lukas 19:29-36**
Jesus kom toe by Betfage en Betanië aan. Dit was aan die voet van die Olyfberg. “Gaan na die dorp toe,” sê Jesus vir twee van sy dissipels. “As julle by die dorp inkom, sal julle ‘n jong donkie kry wat daar vasgemaak is. Niemand het nog ooit op hom gery nie. Bring hom vir My. As iemand vra wat julle doen, sê: “Die Here het hierdie donkie nodig.”

Die twee dissipels het die jong donkie gaan haal. Terwyl hulle hom losmaak, vra sy eienaars:
“Hoekom maak julle die donkie los?”
“Die Here het die donkie nodig,” het hulle geantwoord.”

Die dissipels het later hulle klere gevat en ‘n saal vir Jesus gemaak waarop Hy kon sit. Toe Jesus begin ry, het hulle van hulle klere uit respek voor Hom in die pad neergesit.

**AANDAG: Vertel vir mekaar in jul eie woorde wat het in die gedeelte gebeur**



**NEEM DIT AAN:**

- Wat sou jy doen toe die donkie se eienaar vra: “Hoekom maak julle die donkie los?”
- Dink jy die eienaar het die dissipels geglo en die donkie net so vir hulle gegee?

**GEBED:** Jy gaan vandag van die vyf-vinger gebed gebruik maak om te bid. Onthou om ook vir God dankie te se vir al Sy liefde.

# 6 Maart

**SKRIF: Lukas 19:37-40**

Toe Jesus naby die afdraande kom wat van die Olyfberg af na Jerusalem toe loop, het die mense God begin loof en prys oor al die groot dinge wat Jesus gedoen het. Hulle het Jesus soos 'n koning in Jerusalem ontvang en hard uitgeroep:
"Prys Hom wat van die Here af kom!
Hy kom wys vir ons hoe goed God regtig is.
Al die eer behoort aan die allerhoogste God."
'n Klompie (Farisiëers) godsdienstige leiers wat tussen die skare was, was geskok oor hierdie woorde. Een van hulle sê vir Jesus: "Leermeester, sê vir hulle om stil te bly!"
Jesus antwoord hom: "Hoekom? Dis tog die waarheid. As hulle stibly sal die klippe hier langs die pad dieselfde oor My uitroep!"

**AANDAG:** Gesels met mekaar oor vandag se versies



**NEEM DIT AAN:** Teken drie mans met 'n klomp groot musieknote wat by hul monde uitkom. Op nog 'n papier teken drie klippe wat kleiner is en sny dit uit. Sit dan die klippe bo-op die mense en sien hoe jy nog steeds die note kan sien want al word die mans stilgemaak sal die klippe dit uitroep.

**GEBED:** Luister na die liedjie as vanaand se gebed. Holy (Song Of The Ages) // The Belonging Co

# 7 Maart

**SKRIF: Lukas 19:41-44**

Toe Jesus naby Jerusalem kom, was Hy baie hartseer. Terwyl trane oor sy wange loop, sê Hy: "Jerusalem, as jy net jou oë wil oopmaak en sien dat Ek vandag na jou toe kom! Dan sal God se vrede hier aanbreek. Maar jy is blind! Daarom gaan jy baie swaar kry. Een van die dae sal jou vyande al jou inwoners doodmaak. Niemand sal oorbly nie. Die dag toe God na jou toe gekom het, wou jy Hom nie ontvang nie!"

**AANDAG: Vertel vir mekaar wat jul dink Jesus vir ons wil sê in die gedeelte**

NEEM DIT AAN: Vandag gaan ons 'n eksperiment doen.
Bou 'n klein 'stad' op 'n skinkbord. Jy kan soveel detail insit as wat jy wil.
Sê drie keer vir die mense in die stad: "Maak gereed hier kom 'n groot aardbewing"
Na die derde keer skud jy jou skinkbord.
Het die stad bly staan? Wat het met die stad gebeur? Sou dit gebeur het as die stad geluister het na die waarskuwings deur bv. versterkings te bou, karre onderdak te bere, Mense in hul huise ingaan ens?

GEBED:
Liewe Jesus, U het gehuil oor die stad wat u liefde nie geken het nie, en nie na U stem wou luister nie.
En ons weet U hart is vol liefde. Help ons om U lief te hê en te volg in alles wat ons doen.
Soos U, wil ons omgee vir diegene wat nie glo nie, en U lig deel sodat ander U ook sal aanneem. Ons bid dat harte wyd oopgaan, sodat hulle saam met U kan wandel, en in U kan bly.
Amen.

# 8 Maart

**SKRIF: Lukas 19:45-48**

Jesus het na die tempel toe gegaan. Langs die tempelgebou was ‘n groot oop plein. Hier is diere verkoop wat geoffer kon word. Mense kon hier ook vreemde geld omruil vir die regte soort geld wat in die tempel gebruik is. Jesus het toe begin om die mense wat geld omruil, weg te jaag. Hy sê vir hulle: “Gaan lees wat in die Bybel staan: “Mense moet My aanbid hier in my huis. Maar julle het dit verander in ‘n huis vol skelms.”
Jesus het elke dag na die tempel toe gekom om vir die mense te vertel van God. Dit het die godsdienstige leiers kwaad gemaak. Hulle het besluit om Jesus dood te maak. Maar hulle kon niks doen nie, want die mense het gehou van dit wat Jesus sê.

**AANDAG:** Gesels met mekaar oor vandag se versies

**NEEM DIT AAN:** Hierdie verse laat my dink aan ‘spring cleaning’ - wanneer jy by jou huis kom en jy sien dinge is nie op hul plek nie, als is vuil, die stoel word nie gebruik om op te sit nie maar vir klere, dan is dit tyd om alles vreeslik mooi skoon te maak en reg te pak.
Dieselfde tyd vertel hierdie verse ook vir ons van Jesus se lewe wat al hoe meer in gevaar kom.

Wat kan jy doen om die huis/skool/kerk/stad waar jy bly ‘skoon’ te maak en mense van Jesus te vertel - al is dit hoe om ‘n voorbeeld van ’n christen te wees.

**GEBED:** Skryf ‘n gebed vir die Here in die vorm van ‘n gedig of ‘n liedjie.

